# 7. Administratiewe Buro

## 7.1 Kort historiese agtergrond

Kort na die eerste Sinodes in 1862 en 1863 is begin om fondse bymekaar te maak. Die eerste fonds was vir die opleiding van predikante en daarna vir die versorging van emeriti. Die fondse is bekom deur skenkings en later is 'n "raming" ingestel. Met die totstandkoming van die Teologiese Skool te Burgersdorp het die kuratore die rol van die administrasie van fondse ingeneem.

Die eerste fondse wat vir die "Ondersteuningsfonds" vir die uitvoering van KO, art 13 (emeriti) ontvang is, is deur 'n sinodale verkose kommissie hanteer.
Namate meer sinodale fondse totstand gekom het, is daar vir elke fonds 'n penningmeester aangewys, wat dan op elke Sinode verslag gedoen het.

### 7.1.1 Ontstaan van die Administratiewe Buro

Op Sinode 1920 dien 'n beskrywingspunt van Gereformeerde Kerk Bethulie wat vra vir 'n saakgelastigde, art 64, p35, 36,. "Die Sinode gee ag op die feit, dat verskeie van ons predikante voortdurend belas word met die finansies van kerk en skool en benoem liewer daarvoor 'n spesiale saakgelastigde. Besluit: Die Sinode besluit op die beskrywingspunt van Bethulie nie in te gaan nie."

Die Sinode van 1924 te Rustenburg, art 149, besluit op grond van 'n vraag in die kuratorerapport, iv:7 "of dit nie wenslik is nie om 'n saakgelastigde en ouditeur vanweë die Sinode te benoem?" Die Sinode spreek hom egter uit teen so 'n voorstel vir die aanstelling van 'n saakgelastigde.

In die Handelinge, Sinode 1930 te Burgersdorp lees ons dat die kuratore in hulle rapport aan die Sinode, die advies uitbring (art 101) dat "die kuratore adviseer die eerw. Sinode om 'n Administratiewe Buro in te stel vir die beheer van die finansies. Onder die Administratiewe Buro sal val: die Sinodale Kas, Kalvyn Jubileum Boekefonds, Algemene Sendingkas, Teologiese Skoolkas, Teologiese Skool Jubileumfonds, die Emeriti Predikante en P W en W fonds, die Kas vir Behoeftige studente, Die Kerkblad en die Argief. Vir al die bogenoemde werksaamhede sal aparte deputate benoem word, wat verantwoordelik is by die Sinode soos dit tot nou toe was.

Verder sal reëlings getref word om die verband te stel tussen die verskillende deputaatskappe en die Buro met die verstandhouding dat die Admin Buro verantwoordelik sal wees by die deputate, en deputate aangewys sal word deur die Sinode, wat die werksaamhede van die Admin Buro sal reël, daaroor toesig hou en daarvan rapporteer by die Sinode. Dat die naam "Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika" sal wees.

Die Sinode besluit om die advies van die kuratore op te volg. Dieselfde Sinode besluit ook dat die kuratore 'n kommissie van beheer sal aanstel wat sal toesig hou oor die bestuur van die fondse. In November 1930 is na beraadslaging van 'n kommissie uit die kuratore met die penningmeesters van die verskillende sinodale fondse en die assistent registrateur van die PUK, mnr S du Toit as deskundige, besluit om so 'n Buro op te rig. 'n Kommissie van beheer is gekies om toesig te hou oor die Buro, nl: Di WJ de Klerk, NH van der Walt, JV Coetzee, dr JP van der Merwe en die assistent registrateur, mnr S du Toit. 'n Kamer van die Teologiese Skoolgebou is beskikbaar gestel vir 'n kantoor van die Buro.
Die Administratiewe Buro het op 1 Mei 1931 tot stand gekom (Handelinge 1933:98). Ds JA van Rooy is met algemene stemme gekies as voltydse penningmeester (1931-

1941) met ‘n salaris van £450 p.a. plus £60 vir hulp van ‘n klerk en tikster. In *Die Kerkblad* van 22 April 1931:34 word twee kennisgewings geplaas: “Die Algemene Vergadering, Geref. Kerk, O.V.S. het op versoek van die Kerkraad van Bethulie eervolle emeritaat gegee aan ds JA van Rooy volgens KO, art 13.” Asook “DV word die Administratiewe Buro geopen op Potchefstroom op 1 Mei a.s. kerkrade en kassiers word vriendelik versoek om teen daardie datum die bydraes vir Teologiese Skool en E.P.P.W. en W. Fonds daarheen te stuur.”

By Sinode 1936 te Bethulie word ‘n reglement vir die Administratiewe Buro, wat deur die kuratore opgestel is, goedgekeur (1936:130-135). Die deputate van beheer word aan die Sinode voorgehou.

Tydens die Sinode in 1970 word deur die deputate van *Die Kerkblad* gerapporteer dat die kantoor vir kerklike publikasies te beknop en ondoelmatig is. Hulle aanbeveling is dat daar meer kantoorruimte beskikbaar gestel te word en vra die Sinode om voorsiening te maak vir ‘n doelmatige gebou. Hierdie versoek word nie goedgekeur nie maar opgedra aan te benoeme deputate om oor die hele aangeleentheid deeglik te rapporteer. Die deputate vir *Die Kerkblad* kan tussentydse voorsiening probeer maak (1970:328).

In 1973 rapporteer die kommissie insake beplanning van terreine en gebou vir kantoor van publikasies die volgende: Die kantoor van publikasies word in absoluut ontoereikende omstandighede gehuisves. Pogings om beter kantoorruimte te kry het geen vrugte opgelewer nie, en die beplanning van die toekomstige daarstelling van ‘n doeltreffende gebou kon ook nie vorder nie. Die volgende aanbevelings word goedgekeur:

- Deputate word benoem om *dadelik* oor te gaan tot die beplanning van die terrein en die oprigting van ‘n doelmatige gebou vir die administrasie van die kerk.
- Die dienste van ‘n beplanningsingenieur moet verkry word.
- Nadat die terreinbeplanning afgehandel is, moet *onverwyld* oorgegaan word tot die beplanning van ‘n gebou met die volgende riglyne ingedagte:
  - Die gebou moet voorsiening maak vir die kantoor van publikasies.
  - Daar moet doeltreffende voorsiening gemaak word vir die Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerk.
  - Die gebou moet huisvesting kan bied vir die groeiende administrasiebehoeftes van deputate van die Sinode, waaronder ‘n sendingkantoor.
  - Daar moet ‘n doeltreffende lokaal ingerig word vir die toekomstige Sinodesittings. Die lokaal moet ook diens kan doen vir studiebyeenkomste van predikante, en moet ook geskik wees vir instansies wat ‘n doelmatige konferensiesaal wil gebruik. Die lokaal moet voldoen aan moderne standaarde.
  - Daar moet ook deeglik rekening gehou word met toekomstige behoeftes. Die gebou moet bv. so opgerig word dat verdere verdiepings later opgerig kan word, indien nodig.
- Finansiering van die bouwerk – Die Sinode raam die kerke en dra aan die deputate op om bydraes vir hierdie doel in die kerkverband in te samel.

7.1.2 <u>Beplanning en bouwerk</u>

Advies van die dosente in beplanning van die PU vir CHO, prof F Potgieter en mnr G van Heerde is verkry. Ook van die Departement Bodemkunde is advies verkry. As argitek is mnr Nardus Conradie benoem. Op 5 Maart 1973 het die dagbestuur al die vereistes van die voorgestelde gebou breedvoerig met die argitek bespreek. Met alle vereistes van alle betrokke instansies is deeglik rekening gehou. Die deputate was ook van oordeel dat ‘n opsigterswoonstel onontbeerlik is, en dit is in die

gebouekompleks ingevoeg. Op ‘n vergadering van 5 November 1973 is sketsplanne van die gebou behandel en voorlopig goedgekeur.

Die tender wat op 31 Juile 1974 aanvaar is, was die laagste tender wat ingelewer is, nl. R460 357: die tenderaar is mnr WP Huysamen (hierdie bedrag het nie die professionele fooie en koste van kantoormeubels ingesluit nie). Die finale rekening (boukoste en alle professionele gelde) bedra R603 000.

Op 21 Januarie 1976, tydens die sitting van Sinode 1976, is die amptelike ontvangs van die gebou en onthulling van ‘n gedenkplaat gedoen. Ds AA Venter (voorsitter deputate terreine en geboue) onthul die gedenkplaat en lees die bewoording daarvan voor waarna Ps 33:11 gesing word.

In 1985 se Sinode te Potchefstroom word die Administratiewe Buro omvorm tot ‘n regspersoon en ‘n nuwe reglement wat al die regsimplikasies bevat word goedgekeur deur die “ledevergadering”.

Opeenvolgende Sinodes het wysigings aan die Reglement aangebring tot en met Sinode 2015 te Potchefstroom.

7.1.3 Penningmeesters/Direkteur/Uitvoerende Bestuurder

Ds JA van Rooy – 1931-1941.
Ds TT Spoelstra – 1941-1949.
Ds IJ Lessing – 1948-1977.
Mnr LJ Swart 1977-1995.
Mnr HJS Vorster 1996-2010* (*herstrukturering van poste).
Ds LH van Schaik 2010-2014.

7.1.4 Die werk en taak van die Administratiewe Buro

Om ‘n volledige prentjie te kry moet na die Reglement verwys word wat ‘n totale beeld van die werksaamhede gee.
Die belangrikste take is:

1. Om alle gemeenskaplike finansies en begrotings te administreer waaronder die Emeritaatsversorgingstrust, Predikante Pensioenfonds, begroting Teologiese Skool, mediese skema, ens.
2. Om alle eiendomme te administrateer en instand te hou.
3. Alle deputategroepe van hulp en bystand te bedien.
4. Om die administrasie en beskikbaarstelling van publikasies wat op las van die Algemene Sinode uitgegee word, te behartig asook die verspreiding en verkoop van boeke en lektuur vir godsdienstige doeleindes.

Kortom, die Administratiewe Buro staan in diens van elke kerk en die kerkverband ingeheel. ‘n Mens sal verbaas wees om te sien hoeveel telefoonoproepe en e-posse die personeel daagliks ontvang van predikante, emeriti, skribas, kassiere en lidmate.

Die personeel staan onder direkte toesig en beheer van die bestuur van die Administratiewe Buro wat al die werksaamhede van Buro kragtens die reglement hanteer.

## 7.2 Administratiewe Buro as diensburo

7.2.1 Die klem op dienswerk

Sedert die totstandkoming van die Admin Buro op 1 Mei 1931 het die werksaamhede omvangryker geword. Die aanvanklike samestelling van die Admin Buro uit enkele persone om finansiële beheer oor fondse uit te oefen, het tot op 1 Mei 2011 in verskeie afdelings onder toesig en beheer van die bestuur van die Admin Buro kragtens die reglement uitgebrei. Hierdie uitbreiding sluit in die volgende in: finansies en fondsbestuur, algemene administrasie, kerklike administratiewe opleiding en

ondersteuning, eiendomme, kerklike en ander publikasies wat in opdrag van die Sinode hanteer word, personeelsake, skakeling met deputate en skakeling met kerke.

Ten grondslag aan hierdie ontwikkeling lê die besinning van die bestuur van die Admin Buro oor die doel, opdragte en struktuur van die Admin Buro sedert 2003 soos dit in rapporte aan die ledevergadering voorgelê is. Die bestuur en al die personeel betrokke by die verskillende afdelings van die Admin Buro stel hulle ten doel om *dienswerkers* in die uitvoering van die *dienstaak* van die Admin Buro te wees. Die vervulling van 'n roeping is die grondslag van die dienswerkers. Die dienstaak is om uitnemende, betroubare en doeltreffende finansiële en administratiewe dienste aan die volgende rolspelers te lewer: *kerke* (predikante, ouderlinge, diakens en lidmate); *deputate* (soos aangewys deur meerdere vergaderings); *Trustees* (van die verskillende fondse) en *meerdere vergaderings* (soos opgedra). Die Administratiewe Buro het hom in die afgelope jare daarop toegespits om op hierdie wyse daadwerklik 'n Buro van dienswerkers te wees.

Namate sekere afdelings groei en nuwe opdragte deur die Sinode toegevoeg word, groei die Admin Buro en is dit die bestuur se taak om toe te sien dat al die sake geadministreer word en dat die Admin Buro in diens staan van die kerke en meerdere vergaderings.

## 7.3 Reglement

Die reglement van die Administratiewe Buro is op aanvraag beskikbaar.

## 7.4 Regspersoon

Sinode 1985 (Handelinge 1985:477, 4.4) keur dit goed dat die Administratiewe Buro tot 'n regspersoon omvorm word ten einde hom in staat te stel om regshandelinge te verrig wat verband hou met die doel en funksies waarvoor hy gestig is.

7.4.1 Oprigting

- Die Administratiewe Buro is 'n regspersoon, naamlik 'n organisasie sonder winsoogmerk (ingevolge Wet 71 van 1997).
- Die Administratiewe Buro is vir inkomstebelastingdoeleindes 'n openbare weldaadorganisasie en ressorteer vir vrystelling van inkomstebelasting ingevolge artikel 18A van die Inkomstebelastingwet, No. 58 van 1962, onder paragraaf 5 a): "Godsdiens, Geloof of Filosofie: Die bevordering of beoefening van godsdiens wat dade van aanbidding, getuienis, onderrig en gemeenskapsdiens insluit, gebaseer op geloof in God".

7.4.2 Bevoegdheid as regspersoonlikheid

- Die Administratiewe Buro het die bevoegdheid om regte en verpligtinge te hê, te verwerf, te vervreem of oor te dra afsonderlik van die regte en verpligtinge van die lede daarvan en is as sodanig bevoeg om:
  - eiendom, roerend of onroerend, te verwerf, te besit en te vervreem;
  - enige en alle ooreenkomste te sluit en regshandelinge aan te gaan wat nie met die doelstellings en funksies daarvan strydig is nie;
  - as party in regsgedinge op te tree en
  - sodanig in die regsverkeer op te tree as wat nodig mag wees om die doelstellings en funksies daarvan te vervul.
- Geen bates van die Administratiewe Buro mag op enige wyse hoegenaamd onder lede of werknemers verdeel word nie, en dit mag alleen vir die bevordering van die doelstellings en die uitvoering van die funksies daarvan aangewend word.
- Die Administratiewe Buro bly voortbestaan ongeag die wisseling van die lede daarvan.
- Die *domicilium citandi et executandi* van die Administratiewe Buro is:

- Die Administratiewe Buro, h/v Meyer- en Molenstraat (Molenstraat 62), Potchefstroom, 2531.
- Posadres: Posbus 20004, Noordbrug, 2522.
- Telefoonnommer: 018 297 3986/7/8/9.
- Faksnommer: 018 293 1042.
- E-pos: adminburo@gksa.co.za
- Inligting oor lede: www.gksa.org.za

## 7.5 Ledevergadering

Die gedeputeerdes tydens Sinodes is tydens die stel van die rapport van die bestuur van die Administratiewe Buro, lede van die Administratiewe Buro van die GKSA (Handelinge 1985:214, 5) en word so gekonstitueer. Alle kerke is lede van die Administratiewe Buro en word dit by die stigting van sodanige kerke. Die gedeputeerdes van die lede wat in Algemene Sinodes sitting het, kom by elke Algemene Sinode in ledevergadering byeen. Die bevoegdheid en pligte word in die reglement van die Admin Buro onder 5 beskryf.

## 7.6 Ouditkomitee

Die ouditkomitee vergader saam met die bestuur van die Administratiewe Buro tesame met die ouditeure van die Administratiewe Buro voor die aanvang van die ouditeuring van al die boeke wat deur die Administratiewe Buro hanteer word, na te sien.

Tydens hierdie vergaderings word bespreking gevoer oor die ouditplan van die ouditeure en word daar ook spesifieke opdragte aan die ouditeure gegee oor spesifieke risiko areas soos deur die ouditkomitee geïdentifiseer. Klem word ook gelê op die beleggingsriglyne soos deur die Sinode vasgestel. Daar word ook deurlopend versoeke tot die ouditeure gerig om aan spesifieke ouditareas besondere aandag te gee.

Die ouditkomitee vergader ook telkens na afloop van die ouditeuring van die boeke om die finansiële state te oorweeg, waartydens klem gelê word op die openbaarmaking in die finansiële state, dat dit in ooreenstemming is met wetgewing en algemene aanvaarde rekeningkundige praktyk. Aanbevelings word ook gemaak ten einde die finansiële state meer gebruikersvriendelik te maak.

## 7.7 Skakeling tussen Admin Buro en kerke

### 7.7.1 Agtergrond

Ons kerkverband bestaan uit sowat 300 selfstandige kerke. Tog is daar behoefte aan ‘n “sentrale “kantoor” waar die gesamentlike werk wat namens al die kerke saam gedoen word, bedien kan kom. Daarom het die Algemene Sinode al baie jare terug geoordeel dat so ‘n kantoor tot stand moet kom en dit dra steeds die naam van die “Administratiewe Buro van die GKSA”.

### 7.7.2 Werksaamhede van die Admin Buro

Die Admin Buro voer net opdragte uit soos ontvang vanaf Algemene Sinodes en werk streng volgens sy reglement. Die reglement is ook deur die Sinode bepaal en gewysig. Die werk behels die volgende:

- Die administrasie en rekenkundige byhou en rapportering oor alle fondse en trusts wat die Admin Buro namens deputaatgroepe van die Algemene Sinode bestuur
- Help met die verspreiding van GKSA publikasies
- Help deputate in die administrasie en bestuur van hulle werksaamhede
- Adviseer en staan kerke by in die van dag tot dag administrasie van hul werksaamhede
- Bestuur die gesamentlike eiendomme van die GKSA – hoofsaaklik in en om Potchefstroom

- Voer ad hoc opdragte uit soos ontvang vanaf Algemene Sinodes.

**7.7.3 Samestelling van die Admin Buro**

Die Admin Buro bestaan uit ‘n bestuur en voltydse amptenare.

- Die bestuurslede word elke drie jaar by die Algemene Sinode aangewys en bestaan uit 8 lede. Die voorsitters van Emeritaatsversorgingstrust en die van Skakeldeputate is ipso facto lede van die bestuur asook ‘n verteenwoordiger van die kuratore van die Teologiese Skool. Verder word gepoog om kundiges op die bestuur te verkies vir dissiplines soos finansies, menslike hulpbronne, eiendomme en kommunikasie.
- Voltydse amptenare: Daar is 8 voltydse amptenare werksaam by die Admin Buro en die werksaamhede word opgedeel is twee bene: Administrasie en Finansies. Dr Wymie du Plessis is verantwoordelik vir administrasie en Johan Coetzee is verantwoordelik vir finansies.

**7.7.4 Skakeling tussen kerke en die Admin Buro**

Die Admin Buro verstaan dat hy ‘n diensfunksie vervul en dat hy in diens is van al die kerke en alle deputaatgroepe. Die belange van elke lidmaat in die GKSA, elke diaken, elke ouderling, elke predikant asook elke deputaat, staan voorop vir elkeen betrokke by die Admin Buro. Slegs daardeur kan die Koninkrykswerk bevorder word waarvoor die Here elkeen in sy diens, in GKSA, roep.

Elkeen binne GKSA moet deurlopend die vrymoedigheid hê om met die Admin Buro kontak te maak. Skakel die persoon wat jou kan help of as jy onseker is, wie kan help, kontak vir dr Wymie du Plessis by: 018 297 3986 of wymiedup@gksa.co.za
Besoek ook die GKSA se webwerf vir meer inligting by: www.gksa.org.za

## 7.8 Eiendomskomitee

’n Belangrike motivering vir die omvorming van die Administratiewe Buro in ’n regspersoon was dat die gemeenskaplike eiendomme van die GKSA *“oorgedra kan word in die naam van die Administratiewe Buro nadat laasgenoemde tot regspersoon omgevorm is ...”* (Acta 1985:478, 4.6.2).

Die opdrag deur die ledevergadering (Algemene Sinode) vat die Administratiewe Buro se verantwoordelikheid in dié verband mooi saam: *“Die Bestuur van die Administratiewe Buro besluit oor die beskikbaarstelling/verkryging van voldoende fondse wat nodig is vir die restourasie, onderhoud en instandhouding van sy historiese erfenis en ander eiendom van die GKSA (Administratiewe Buro kompleks en TSP-gebou) ...”* (Acta 2009:276, 2).

Die gemeenskaplike eiendomme in Potchefstroom is die Administratiewe Buro en die historiese geboue.

7.8.1 Historiese geboue

Ondergenoemde geboue is as kultuurhistoriese gedenkwaardighede verklaar. Wetlike bepalings en voorskrifte rakende die restourasie en instandhouding daarvan moet onder toesig van die *South African Heritage Resource Agency* nagekom word.

7.8.1.1 GKSA Kerkmuseum

Hierdie gebou, wat tans as museum ingerig is, is in Februarie 1905 as die nuwe Teologiese Skool in gebruik geneem. Voor die fees ter viering van die 150-jarige bestaan van die GKSA in 2009, is fondse bewillig en het die deputate historiese sake met hulp van kundiges die uitstallings op ’n professionele wyse ingerig en dis beslis die moeite werd om te besoek. Vir ’n besoek moet net vooraf met die kurator geskakel word. Vir kontaknommer doen navraag by die Administratiewe Buro.

7.8.1.2 Totiushuis

Hierdie *“woning van die teologiese professor”* is saam met bogenoemde (7.8.1.1) in gebruik geneem. Die Totiushuis is sedert 1 April 1976 kontraktueel vir ’n termyn van 99 jaar aan die Tlokwe (Potchefstroom) stadsraad beskikbaar gestel om dit te

restoureer en daarna in stand te hou *"so na as moontlik aan dieselfde staat waarin dit was tydens die bewoning daarvan deur Totius"*. Dit is langsaan die kerkmuseum en beslis ook 'n besoek werd.

7.8.1.3 Cachet-koshuis

Die gebou is in vyf wooneenhede verdeel en word teen nominale huur aan behoeftige teologiese studente, wat besig is om hulleself as predikante van die GKSA te bekwaam, verhuur.

7.8.1.4 Ou Voorbereidende Skool

Dié gebou word tans deur die Totius Akademie (Christelike skool) benut. As teenprestasie het hulle oor die afgelope paar jaar heelwat restourasiewerk aan die gebou gedoen en dit onlangs met 'n palissade-heining omhein.

7.8.1.5 Krugerskraal

Dit is die plaashuis waarin Totius vir 'n geruime tyd gewoon het en is ongeveer 25 km. suidoos van Potchefstroom geleë. Hier het hy baie werk rakende die vertaling van die Bybel en Psalmberymings gedoen. Die huis word tans deur lidmate, Izak en Marietjie Potgieter, bewoon wat dit vir 'n tydperk van 10 jaar huur. Die Administratiewe Buro voorsien die materiaal en Izak doen al die restourasie, onderhoud en instandhouding. Daar is al ver gevorder met restourasie en die huis en terrein is baie netjies. Besoekers is welkom om 'n besoek daar af te lê, maar moet net vooraf met Izak skakel by 082 702 9879.

7.8.2 Ander eiendomme

7.8.2.1 Teologiese Skool (TSP)

Hierdie kompleks is sedert die beginjare te Burgersdorp die vierde wat betrek word vir die opleiding van predikante van die GKSA. Dit bestaan uit die Jan Lion Cachet-biblioteek, kerkargief, senaatsaal, lesinglokale en kantore. Die noordelike vleuel van die kompleks is die kerkgebou van die Geref. Kerk Potchefstroom-Die Bult. Die fasiliteite word gesamentlik deur die TSP en die Fakulteit Teologie van die NWU benut.

7.8.2.2 Administratiewe Buro-kompleks

Die Sinodesaal vorm deel hiervan en huisves die kantoor en personeel van die Administratiewe Buro. Dit is op dieselfde perseel as die TSP. 'n Gedeelte van die kantore in die kompleks word aan die regskliniek van die NWU uitverhuur, terwyl ander kantore deur die TSP/NWU gebruik word.